

## **VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM 2008**

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Universiteitsraad van advies dien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die uitvoering van die bogenoemde wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF bestaan uit vergaderings waar advies aan die Raad oorweeg word, sowel as gespreksgeleenthede tussen die uitvoerende komitee van die IF en die bestuurspan van die Universiteit. Die IF-lede word ingedeel in drie taakgroepe – naamlik Diversiteit en Billikheid, Institusionele Beplanning en Institusionele Kultuur. Die taakgroepe ondersoek bepaalde sake wat aan hulle toegewys word en doen verslag aan die IF.

### **Samestelling**

Die Institusionele Forum bestaan uit agt en twintig lede, sewe in elk van die volgende vier groeperinge:

*Bestuur- en Beheersektor:* Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die Bestuur aangewys deur die Bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

*Personeelsektor:* Twee lede uit eie geledere verkies deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

*Studentesektor:* Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

*Gemeenskapsektor:* Twee lede van die Konvokasie aangewys deur die President van die Konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

## **Werksaamhede**

In die 2008-verslagjaar het die IF in die eerste plek oor die volgende sake advies gelewer in die vorm van formele rapporte aan die Universiteitsraad:

### ***Die raamwerk vir die versekering en bevordering van eties verantwoordbare navorsing aan die Universiteit Stellenbosch***

Die IF het hierdie voorgestelde beleid bestudeer en goedgekeur, maar tog die volgende kommentaar gelewer:

- Dat die etiese oorwegings wat die belange van die teikengemeenskap en/of deelnemers aan die navorsing beklemtoon, duideliker geformuleer word om te verhoed dat die teikengemeenskappe met ongekoördineerde projekte oorlaai word of dat daar vir hulle geen voordeel aan deelname is nie;
- Dat die beleid duidelik moet aandui hoe die navorsers beskerm sal word teen onnodige burokratiese rompslomp en onregmatige inperking van akademiese vryheid; en
- Dat die etiese beginsels wat as oorweging dien in die bepalinge aangaande intellektuele eiendom en geheimhouding duideliker in die beleid geformuleer word.

### ***Aanstelling van die Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Dekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe***

Die IF het, in ooreenstemming met die Universiteit se Reglement insake die Aanstelling van Voltydse Dekane, twee verteenwoordigers aangewys wat deelgeneem het aan die proses om die aanstelbaarheid van die betrokke kandidate te oorweeg en 'n voorkeurkandidaat vir elke pos aan te wys.

In die tweede plek is dit ook die verantwoordelikheid van die IF om, as kritiese gespreksgenoot van die Bestuur van die Universiteit, bepaalde sake te ondersoek wat met die IF se opdrag verband hou en om daarop kommentaar te lewer.

'n Aantal kundige persone is genooi om die IF oor bepaalde aspekte in te lig:

- Prof Magda Fourie, die Viserektor (Onderrig), het die IF ingelig oor die Nasionale Hoër Onderwys-beleid en hoe die rol van die institusionele forums omskryf word.
- Prof Andre du Toit, Emeritusprofessor in Politieke Wetenskap (Universiteit van Kaapstad), het met die IF-lede in gesprek getree oor die onderwerp, institusionele outonomie en akademiese vryheid.
- 'n Daglange beraad is aangebied waar die voorgestelde Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) van die Bestuur aan die IF voorgehou is. Die IF het hierdie geleentheid gebruik om teenoor die Bestuur uitvoerig kommentaar te lewer oor die plan. Die OSP is beskryf as 'n omvattende en geïntegreerde plan wat uitvoering gee aan die onderneming van die Universiteitsgemeenskap om betekenisvol anders en beter te wees. Daar is versoek dat voldoende institusionele debat oor die uitvoering van die plan aangemoedig moet word.
- Op aanbeveling van die Taakgroep vir Institusionele Kultuur het mnr Viljoen van der Walt, die Hoof van die US Beskermingsdienste, die IF-vergadering ingelig aangaande veiligheid op die Universiteitskampus en die US Kampusveiligheidsbeleid en -plan.

Laastens het twee lede die IF op sowel die Taalkomitee as die Bekendstelling- en Monitoringswerkgroep vir die verwelkoming van eerstejaars verteenwoordig.

### **Ten slotte**

Die IF het gedurende 2008 gepoog om 'n forum te wees waar sake bespreek kan word wat verband hou met die opdrag van die IF. Die IF is tevrede dat die liggaam 'n sinvolle bydrae kon maak tot die werksaamhede van die Universiteit.

Enige persoon word uitgenooi om sake wat met beleid, kultuur of beplanning aan die Universiteit, te make het onder die IF se aandag te bring vir bespreking.

Dr Le Roux van der Westhuizen

*Voorsitter*